
08 Maart 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN




"When the whole world walks away
You're the God who stands
With wide open arms
And You tell me nothing I have ever done can separate my heart
From the God who stays."

*The God Who stays - Matthew West*

## EREDIENSTE

**VANDAG**

Deuroffers: Koninkryksfonds

Past Adam
*Who am I? / Wie sê God is jy?*
Psalm 8:3–6, Johannes (John) 4:5–26
Efesiërs (Ephesians) 2:1–10

08:30
Contemporary Service
Bababediening, Kinderkerke, Space

10:15
Klassieke Diens

10:30
Belydenisklas

| 9 Ma | 10 Di | 11 Woe | 12 Do | 13 Vry |
|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>19:00 Orkesoefening | 05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com




## VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!

**MAART**

8: Marina du Preez, Pam le Roux
9: Jeanette van der Merwe
10: Willem Botes, John Duckworth
11: Koos Grobler, Winnie Strever
14: Elize Bergh (95jr)

*Past Adam verjaar Dinsdag! Adam, may the Lord bless you with a wonderful year ahead! Thank you for making a big difference in Heidekoppie, the community and the Kingdom.*





*Ds Anton het 'n afnaweek, kontak asb vir Past Adam indien 'n leraar benodig word.*

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel: https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

## MEELEWING

Twee van ons seniors is die afgelope tyd oorlede. Tannie Janette Lourens vir wie die Here met 93 lewensjare geseën het.

Ook Maria Botes wat jarelank liefdevol versorg is deur haar man, Willem en ook Monica. Willem en Maria was 54 jaar getroud. Mag die Here Maria se geliefdes vertroos.




## VROUEKUIER

Dames!
Sluit die kwartaal af met 'n gesellige GRATIS saamkuier, 'n praatjie en versersings.
NB Bespreek jou plek by Lucindia by 078 110 7198.

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# DIE DOELGERIGTE LEWE

*'n Geestelike reis van 40 dae om die sin en doel van jou bestaan te ontdek.*



Tydens Pinkster (in Meimaand) begin ons met die reeks "Die Doelgerigte Lewe".
Na afloop van Pinkster gaan ons steeds op Sondagoggende en Woensdagaande daarmee voort.



Woensdagaande se byeenkomste gaan in die onderste saal plaasvind met klein groepies mense om tafels (soos by Alpha).

Daar is 'n aanbieder wat die aand lei en dan is daar ook besprekings in die kleingroepe.

Elke tafel het 'n tafelleier.



Wanneer die reeks voltooi is, wil ons steeds met omgeegroepe voortgaan en ons wil die belangstelling toets van gemeentelede om by omgeegroepe aan te sluit.



Ons wil ook moontlike omgeegroep-**leiers** identifiseer wat kan leiding neem tydens 40-dae, asook kan voortgaan as omgeegroepleiers daarna.



Vul asb die vraelys op die banke in en gee terug by die deure.
DANKIE!
English questionnaires available in the foyers.


# OMGEEGROEPE

# LYDENSTYD




*God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."*
Joh 4:24

"Every increased possession loads us with new weariness."
—John Ruskin







**Die Bybel vir Almal** is tot 30 April teen 'n afslagprys van R310 by die Bybelgenootskap beskikbaar. (Gewone prys: R565)
Dit is 'n hardeband Bybel met 'n effens groter lettertipe in eenvoudige Afrikaans. 'n Goeie keuse vir laerskoolkinders.
Die Engelse weergawe (Bible for the Deaf) is beskikbaar teen R274.

*Bestel hier:*
Shop@Bible Society of South Africa

# ALLERLEI

## WERKSGELEENTHEID

**VAKATURE: SKRIBA**
NG Kerk Bellville-Riebeeck, Noordstr 2, Chrismar

**Posbeskrywing**
Die pos is geskik vir 'n volwasse, ervare persoon wat 'n goeie balans tussen taak- en mensgerigtheid kan handhaaf en grondige kennis het van algemene kantooradministrasie en bemarking.

Werksure: Ma - Vry 09:00-13:00 asook buite-kantoorure soos vooraf gereël.

Pligte sluit in kantooradmin (bv agenda en notules, lidmaatregisters, ontvangs, navrae), finansiële pligte (kleinkas, inbetalings e.a.), bemarking (opstel van nuusblad e.a. bemarkingsmateriaal)

Vereistes
- Min Graad 12. 'n Toepaslike NKR Vlak 5 is 'n sterk aanbeveling.
- Min 3 jr ondervinding in (verkieslik kerklike) administrasie
- Rekenaarvaardigheid in Excel, MS Word, Outlook, PowerPoint, Canva, Google.
- Vertroud met hantering van sosiale media.

Vergoedingspakket: Volgens sinodale skaal.
Aansoeke gerig aan: Die Kerkraadvoorsitter. Stuur per e-pos gestuur aan dwelgemoed@gmail.com.
Aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV.

Navrae: Danita Welgemoed – 072 732 3172
Sluitingsdatum vir aansoeke: 20 Maart 2026
Diensaanvaarding: 1 April of so gou moontlik daarna



## WERK GESOEK

Jong dame van Brackenfell met gasvryheidsopleiding en ervaring in gastehuisbestuur asook verkope, is op soek na 'n betrekking. Besit bestuurslisiensie asook vlak 1 noodhulp en brandbestryding. Kontak die kerkkantoor.



Kent & Shiela were moved by pastor's request for an all church 'fast'.. but not moved enough to actually fast.

## KERKTUIN


Elders op die baadjie is inligting waarvoor om vir die Eiendomsbediening te bid.

Afgesien van weeklikse Tuindienste, is daar nie persone wat direk vir die tuine verantwoordelik is nie.

Dankie aan die lid van die Eiendomsbediening wat gereeld uit eie sak kompos gooi, plantjies plant en gif spuit.
Links is nuwe plantjies wat die week geplant is.

# BID SAAM





Izak van der Walt-
Bedieningsleier van
die Eiendoms-
bediening

## BID VIR DIE MIDDE-OOSTE

Here Jesus, Vredevors, ons kom lê die Midde-Ooste vanoggend voor U voete neer.

Beskerm onskuldige lewens, help diegene wat vlug om 'n veilige tuiste te vind, troos die ontwrigte en treurende volwassenes en kinders, gee U vrede vir almal wat angstig is, skep deernis in harte.

Here, ons bid vir stabiliteit en vir nuwe, wyse en Godvresende leiers wat vrede sal najaag.

Ons bid teen alle bose magte en vir vrede, vergifnis en geregtigheid. Laat U wil geskied.

Jesus, ons bid ook vir U kerk in die Midde-Ooste. Vir elke gelowige en elke leier. Ook vir noodlenings- en reddingsorganisasies. Bewaar hulle en gee U die insig sodat hulle uitkom daar waar die nood die grootste is.

Ons bid vir wonderbaarlike transformasie in die Midde-Ooste.

Here, wees ons genadig.



Binne-in 'n ondergrondse bomskuiling in Israel.

## BID VIR DIE GEMEENTE

### EIENDOMSBEDIENING

Die Eiendomsbediening neem verantwoordelikheid vir die gemeente se eiendom - die kerkgebou, terrein en pastorie. Hulle wil verwelkomende ruimtes skep waar die Here beleef kan word, waar mense kan voel hulle behoort en met sinvolle ruimtes om in te bedien.

Die Eiendomsbegroting sluit in die aankoop van bv skoonmaakmiddels, toiletpapier, ligte en muurproppe, maar ook groot items soos yskaste, stofsuiers, stoele, tafels ens. Instandhouding van 'n groot gebou is 'n konstante werk en 'n reuse-uitgawe. Stukkende slotte, ligte, waterskade, toilette, matte, daklekke (om maar enkele dinge te noem) beteken die werk hou nooit op nie. Herstelwerk en instandhouding kan ook net gedoen word indien fondse beskikbaar is. Goeie vooruitbeplanning is noodsaaklik.

Bid vir die Eiendomsbediening vir genoeg hande, vir spesialishulp, vir voldoende fondse (bloot omdat daar vir iets begroot word, beteken nie daar is geld in die bank daarvoor nie), vir goeie vooruitbeplanning en dat hulle harte in die werk sal wees.

Dank die Here vir lidmate wat hulle tyd, gawes en finansies gee om van ons kerkgebou 'n plek van tuiskoms en aanbidding te maak.

# JESUS-IN-AKSIE


Jesus-in-Aksie is 'n Christelike beweging wat by Brackenfell Stasie begin het. Hulle versprei op gereelde basis kospakkies, help met opheffing en werkskepping en Sondae is daar kos en 'n erediens."Ons tuin" verskaf groente vir die kospakkies en help terselfdertyd om die stasie te verfraai.  JiAhet ook 'n jaarlikse uitreik na Klawer en omgewing en gedurende Oktober massa-uitreike in die Skiereiland.









## NUWE INISIATIEF



Op 11 Feb vanjaar  het Jesus-in-Aksie begin met `n **Woensdag sopkombuis** by die Lasarusstoor op Brackenfell stasie.
Getalle het gegroei van 27 op die eerste dag tot 73 die afgelope Woensdag. Die mense word voorsien van sop en brood en hulle word ook deur Past Gabriel (prediker en stoormeester) bedien met `n kort boodskap uit die Woord en natuurlik uitgenooi na die erediens op `n Sondag.

BROOD-



NODIG

**Op hierdie stadium het ons genoeg beloftes van sop, maar benodig dringend brood.** Bydraes kan enige dag vd week vanaf 8:00-15:00 by die Lasarusstoor afgelaai word. As jy graag wil bydra en die tye pas jou nie, kontak vir Elmari Roux via whatsapp by 082 8644233 om `n ander reëling te tref.

Hierdie is `n wonderlike deur wat vir ons oopgegaan het – help ons asb om aan die behoefte te voorsien!

Sopkombuis



Pastor Gabriel



Pastor Gabriel by sakkies gevriesde sop



# LYDENSTYD

## HUISGELOOF: GEWOONTE 4

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**
Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

**8 MAART 2026**
**ONDERSTEUN**
**ROM 5:1-11**

### OMGEE

Beskryf jou week met emoji's. Wat was vir jou goed, sleg, hartseer, snaaks, ens.?



### DOEN

Kies 'n nommer 1-6 en dink saam hoe jy die uitdaging kan voltooi: Hoe kan jy iemand ondersteun in...

1. in jou skool
2. in jou gesin
3. een van jou vriende
4. in jou sportspan
5. 'n vreemdeling
6. 'n buurman/-vrou

### GESELS

In Lydenstyd onthou ons dat Jesus self gely het en ons swaarkry verstaan. Daarom is een van die gewoontes wat ons inoefen om vir mekaar te bid en om mekaar te ondersteun.

**Lees: Rom 5:1-11**

- Vertel van 'n keer toe jy swaargekry het.
- Hoekom kan ons "verheug" wees as ons ly?
- Hoe help/ondersteun Jesus ons in tye van swaarkry?

### BID

Bid vir die persoon wat ooreenstem met jou nommer.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore:

Bron: DinkJeug